## JAARVERGADERING VAN DIE TRANSVAALSE AFDELING VAN DIE HISTORIESE GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

Die Jaarvergadering van die Transvaalse afdeling van die *Historiese Genootskap* het vanjaar op 13 en 14 Oktober te Rustenburg plaasgevind. Hierdie Jaarvergadering het saamgeval met die Krugerdagviering waar Sy Edele mnr. S. G. J. van Niekerk, die Administrateur van Transvaal, as hoofspreker opgetree het. Dié verrigtinge is op die aand van die 13de opgeluister met 'n program bestaande uit tablo's, voordragte en hoorstukke waaraan leerlinge van die plaaslike skole aktief deelgeneem het. Al hierdie items het inderdaad van uitstekende afrigting getuig.

Op 14 Oktober het die Jaarvergadering te midde van groot belangstelling plaasgevind. As sprekers het by dié geleentheid mnr. A. J. Koen, Direkteur van Onderwys in Transvaal en prof. F. A. van Jaarsveld, hoof van die Departement Geskiedenis aan die Randse Afrikaanse Universiteit, opgetree. Prof. Van Jaarsveld het 'n rede gelewer oor *Die Krisis in ons Huidige Geskiedbeoefening,* waarin hy die oorsake van hierdie situasie nagegaan en uitweë aangetoon het om hieraan te ontkom.

In 'n uitmuntende rede het mnr. Koen daarop gewys dat alhoewel Geskiedenis nie 'n verpligte vak vir sts. IX en X is nie, daar reeds veel vir die onderrig van Geskiedenis op skool gedoen word. Bloot die feit dat Geskiedenis tot st. VIII verpligtend is, is reeds 'n belangrike bereiking. Mnr. Koen het die mening uitgespreek dat daar tans meer vir die onderrig van Geskiedenis gedoen word as wat voorheen die geval was.

Namens die *Historiese Genootskap van S.A.* het prof. A. N. Pelzer, hoof van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria, hulde aan mnr. Koen gebring, nie alleen as Direkteur van Onderwys en onderwysman by uitnemendheid nie, maar ook vir sy persoonlike belangstelling en aandeel in die bevordering van Geskiedenis op skool.

Na afloop van die Jaarvergadering, is daar besoek afgelê aan historiese besienswaardighede in en om Rustenburg, waaronder 'n besoek aan *Boekenhoutfontein,* die plaas van President S. J. P. Kruger, ongetwyfeld 'n hoogtepunt was.